

Q & A

Behaalotcha

MIDRASH VRAE



www.houtkruis.co.za

MIDRASH VRAE

DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

Torah: Numeri 8:1–12:15

Haftarah: Sagaria 2:14–4:7

B'rit Hadashah: 1 Korintheërs 10:1–17

1. Wat is die sentrale tema wat die Torah, Haftarah en B'rit Hadashah van hierdie week met mekaar verbind?
2. Watter spesiale opdrag is aan Aäron gegee in die Tabernakel – en hoe wys hy as Hoëpriester na Yeshua?
3. Hoe is die Menorah in die Tabernakel versorg, en wat sê Sagaria oor die Menorah in sy visioen?
4. Hoe is die Leviëte ingewy vir diens by die Tabernakel – en wys dit na hoe Yeshua ons inwy as Sy Koninklike Priesterdom?
5. Watter fees moes die kinders van Israel vier voordat hulle Berg Sinai verlaat het?
6. Waarom kon sommige Israeliete nie Pasga op die bepaalde tyd vier nie – en watter spesiale reëling het Abba Vader gemaak?
7. Hoe het die kinders van Israel geweet wanneer om te trek, waarheen, en wanneer om te stop?
8. Wat is die Hebreeuse woord vir "wolk" en watter prentjie skilder dit?
9. Wat het Moses gebid voordat die Ark vooruitgestuur is?
10. Waarom het Abba Vader Moses opdrag gegee om twee silwer basuine te maak?

11.

Op watter dag het die kinders van Israel Berg Sinai verlaat — en wat stel dit voor op ons pad van Heiligmaking?

12.

Wat het gebeur drie dae nadat hulle Berg Sinai verlaat het — en wat waarsku Paulus in 1 Korintheërs 10 hieroor?

13.

Na watter spesifieke kosse het die kinders van Israel verlang — en wat sê Paulus hieroor?

14.

Wat het Abba Vader gedoen toe die laste van leierskap te swaar geword het vir Moses?

15.

Wie was Eldad en Medad — en watter profetiese betekenis het hulle verhaal?

16.

Wat was Mirjam se sonde wat haar melaats gemaak het?

17.

Waarom was Moses anders as Mirjam en Aäron?

18.

Wat is die groot les wat Torah, Haftarah en B'rit Hadashah saam vir ons leer oor ons wandel met Abba Vader?

19.

Ons het die afgelope naweek met Shavuot gesien dat Lukas in Handeling 2:42 vyf dinge noem wat die fondament van die eerste geestelike familie gevorm het. Wat was hierdie vyf dinge?

20.

Handeling 2:43-45 beskryf die karakter van die eerste geestelike familie. Watter twee kenmerke het hulle karakter gevorm — en wat het dit by die wêreld rondom hulle veroorsaak?

21.

Handeling 2:46-47 noem vier gevolge wat gekom het toe die eerste geestelike familie die regte inhoud en karakter gehad het. Wat was hierdie vier gevolge — en wie was verantwoordelik daarvoor?